9. ELEKTROSTATIKA TOETS

VRAAG 1:

1.1 Twee neutrale materiale word teenmekaar gevryf. Elektron oordrag vind plaas. Watter opsie is die korrekte opsie vir die materiaal se lading en die hoeveelheid elektrone?

A. Materiaal A is positief gelaai met meer elektrone as protone.
B. Materiaal B is negatief gelaai en het meer protone as elektrone.
C. Materiaal A is positief gelaai en het minder elektrone as protone.
D. Geen van die bogenoemde. (2)


1.2 Twee gelyksoortige ladings sal:

A. Mekaar sterk aantrek.
B. Mekaar afstoot.
C. 'n Elektrostatiese krag ondervind.
D. A en B (2)

1.3 'n Neutrale atoom bevat:

A. Meer elektrone as protone.
B. Ewe veel elektrone en protone.
C. Meer protone as elektrone.
D. Geen van die bogenoemde. (2)

1.4 Beskou die volgende twee voorwerpe



Die twee voorwerpe se eienskappe is:

A. Beide voorwerpe sal na mekaar aangetrek word.
B. Die positiewe lading het 'n tekort aan elektrone.
C. Die negatiewe lading het 'n oormaat aan elektrone.
D. Al die bogenoemde. (2)

1.5 Wrywing beteken:

A. Statiese Elektrisiteit word gevorm.
B. Geen elektrisiteit beweeg nie.
C. Elektrone word oorgedra.
D. Al die bogenoemde. (2)

[10]

VRAAG 2:

2.1 Beskou die volgende voorbeeld.

Michael bring ’n negatiewe gelaaide voorwerp naby ’n neutrale voorwerp. Die elektrone in die neutrale voorwerp word weggestoot na die verste kant van die neutrale voorwerp.

2.1.1 Wat word hierdie scenario genoem? (1)

2.1.2 Die neutrale voorwerp het nou ’n positiewe en negatiewe kant a.g.v. die bogenoemde aksie. Watter kant het ’n oormaat elektrone? (1)

2.2 Teken ’n skets van die bogenoemde voorbeeld. (3)

[5]